



*Drie jaar gelede het dit so gelyk. Die verhoogtoring het toe die hoogte van die prosceniumboog bereik. Die gebou regs agter is Truk se hoofkantoor, wat toe al in gebruik was*

*This photograph was taken in July 1976*

sal 30 meter wees van die voorgordyn van die verhoog. Die rye stoele sal regdeur van kant tot kant loop, daar sal geen paadjies van voor na agter wees nie. Die toegangsdeure is ook langs die kante (bekend as die kontinentale rangskikking).

Die toneelskouburg is effens kleiner. Dit sal 'n verhoog van 24,9m × 16,5m met twee syverhoë en 'n agterverhoog en 'n hyser van 13m × 12,2m. Die auditorium sal geen galery hê nie en sal sitplek bied aan 712 skouburgangers.

Daar sal ook die Arena- of eksperimentele teater wees met sitplek vir 250 mense en die Studio-teater, 'n nog kleiner een, met sitplek vir sowat 150 mense. Voorts sal daar sewe repetisielokale vir toneel, opera en ballet wees — een van hulle kompleet met 'n orkesbak — en 88 goed-toegeruste kleedkamers vir die kunstenaars, geleë in die onmiddellike nabyheid van die verhoë.

Gekoppel aan die fasiliteite is daar 'n ware fabriek met al die nodige tegniese en produksiewerkswinkels vir skrynwerkery, staal-, elektriese en plastiekwerk. Daar is ook rekwisiete- en verfwinkels en waarskynlik die grootste verfraam in die wêreld (23m × 10m), asook 'n dekormonteersaal en pakhuis vir timmerhout en vir die meganiese en elektriese toerusting. Daar is 'n deeglike en prakties ingerigte repertorium-bêreplek.

In die garderobe-afdeling is voorsiening gemaak vir fasiliteite vir die vervaardiging van mans- en

dameskostuums. Daar is 'n paar paskamers en 'n ten volle toegeruste wassery en strykkamers.

Die administratiewe tuiste van Truk is aan die Staatsteater gekoppel — 'n gebou met 85 kantore, 'n onthaallokaal en 'n kafeteria met 'n ten volle toegeruste kombuis.

'n Pragtige openbare restaurant word tussen die operaskouburg en die toneelskouburg aangebring.

Gerieflike toegang tot die gebou word verseker deur parkeeringsfasiliteite vir 1 000 motors. Die publiek sal van ses passasiershysbakke gebruik kan maak om vanaf die parkeervlakte tot by hul betrokke foyers te kan kom.

Die gebouekompleks beslaan 1,8 ha, is partyplek tot 14m ondergronds en 42m bo straatvlak. In die gebou is daar sowat 0,9 km gange, daar sal ongeveer 350 telefoonuitbreidings wees, 572 verhoogbeligtingstroombane, 1 200 lampe, 3 400 stoele (insluitende dié in die ouditoriums), 1 732 deure, ongeveer 60 000 kubieke meter beton, 7 334 ton wapeningstaal in die beton, meer as 13 miljoen bakstene en 72 143 vierkante meter vloerbedekking.

Daar sal altesaam 1,2 ha glasvensters wees om skoongehou te word en daar is lugreëlingsapparaat — reuse-masjiene, -tenks en pype — om 2,8 miljoen kubieke meter lug per uur deur die kompleks te sirkuleer. Daar word gesê dat die kapasiteit van die verkoelers so groot is dat dit binne 24 uur 'n yslaag van 370mm-dikte op 'n oppervlakte so groot soos 'n